

# Week van gebed

## 13-18 Januarie 2002

*Tema: Ek gee oor*

<u>Datum</u>	<u>Aard van byeenkoms</u>	<u>Tema</u>
Sondag 13 Jan 09:00	Soos oggenddiens	“Verhoor tog elke gebed wat hiervandaan gebid word...” (2 Kron 6:12-42)
Sondag 13 Jan 18:30	Soos aanddiens	“My huis sal ‘n huis van gebed wees...” (Joh 2:13-22)
Maandag 14 Jan 18:30	Soos aanddiens (Geen voorsang - rustige musiek)	“Ek gee myself oor...” (Rom 12:1, 2 Kron 7:14)
Dinsdag 15 Jan 18:00-20:00	Gebedsbyeenkoms: Kom op u eie tyd - neem ‘n gebedsbrief by die deur - gaan sit rustig - luister na die musiek - bid op u eie tyd vir die sake op die gebedsbrief. Wanneer u klaar is, steek asb ‘n gebedskers voor in die kerk aan.	“Ek gee my geliefdes / familie / vriende oor...” (Verskeie tekste)
Woensdag 16 Jan 18:30	Soos aanddiens (Musiekgroep: Lof en aanbidding)	“Ek gee my loopbaan / skoolloopbaan oor...” (Luk 5:1-11, 3:10-14)
Donderdag 17 Jan 18:00-20:00	Gebedsbyeenkoms: Kom op u eie tyd - neem ‘n gebedsbrief by die deur - gaan sit rustig - luister na die musiek - bid op u eie tyd vir die sake op die gebedsbrief. Wanneer u klaar is, steek asb ‘n gebedskers voor in die kerk aan.	“Ek gee my toekoms oor...” (Verskeie tekste)
Vrydag 18 Jan 18:30	Lof-en-aanbiddingsdiens met baie sang, voorlesings en gedagtes. (Musiekgroep: Lof en aanbidding)	“Ek gee my hele leefwêreld oor...” (Verskeie tekste)

Hierdie tyd van die jaar pak ‘n ongekende vrees ‘n mens dikwels beet: Wat gaan van ons word? Wat word van my kind in die skool of wat klaar met skool is? Wat van ons finansies? Ons loopbane? Die week van gebed is ‘n kosbare tyd om te kom stil word voor die Here en al ons bekommernisse en begeertes by Sy voete te kom neersit. Dis ‘n tyd om te kom nadink en mediteer, ‘n tyd om stil te word en perspektief te kom kry. Daarom nooi ons u na ons week van gebed. Sommige aande word temas aangebied; ander aande word elkeen sommer net op sy eie stil voor die Here. Moet dit nie misloop nie. Moenie die jaar ingaan met onnodige bagasie nie. Kom gee dit vir die Here. Hy sal sorg...